

# **JUNIE-EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**Junie 2015**

PUNTE: 80  
TYD: 2 UUR

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 13 bladsye.**

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

4. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

AFDELING C: TAAL (40 PUNTE)

5. Beantwoord AL die vrae.

6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Trek 'n lyn na elke Afdeling.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

10. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

11. Voorgestelde tye:

AFDELING A: 50 minute

AFDELING B: 30 minute

AFDELING C: 40 minute

12. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: INTERNETARTIKEL**

- Lees die onderstaande internetartikel en beantwoord die vrae.

**Hoe verskil die wêreld vandag van die wêreld tydens die laaste Ystydperk?**

- 1 **Sedert die aarde se bestaan was daar al vyf Ystydperke. Die laaste een was meer as 10 000 jaar terug. Hoe het die aarde anders gelyk in die Ystydperk as nou?**
- 2 Tydens die Ystydperk was die pole toe onder ys en sneeu en dit was so koud dat niks daar kon oorleef nie.
- 3 Die pole het ook baie verder gestrek as wat ons dit vandag ken – groot dele van Kanada, Amerika en Noord-Europa was onder sneeu. Die sneeu by Antartika het ook baie verder gestrek as vandag. Sowat 30 persent van die aarde se oppervlak was met sneeu bedek teenoor minder as 10 persent vandag.
- 4 Daar was ook baie meer gletsers op aarde tydens die Ystydperk as wat daar vandag is. Party van die gletsers was so groot soos kontinente en het groot dele van die aarde bedek. Hulle het ook die landmassas verander deur erosie. Aangesien so baie water in gletsers vasgevang was, was die oseaan se vlakke tot 125 m laer as wat dit vandag is!
- 5 Daar was minder vloeibare water tydens die Ystydperk as wat daar vandag is. Toe was daar baie minder reën en baie meer gletsers en dus min vloeibare water op die aarde se oppervlak.
- 6 Dit was natuurlik baie kouer tydens die laaste Ystydperk as wat dit vandag is. Die gemiddelde temperatuur op aarde was tussen 5 en 10 °C kouer as vandag.
- 7 Daar was 'n baie groter temperatuurverskil tussen die pole en die ewenaar. Hoe kouer die pole was, hoe warmer was die ewenaar. Wanneer die aarde nie in 'n ystydperk is nie, is hierdie verskil baie kleiner.
- 8 Die groot hoeveelhede ys en sneeu het beteken die aarde het baie meer sonlig weerkaats as vandag. Pleks van die son se lig absorbeer, word dit weer in die ruimte weerkaats en dit dra natuurlik by tot die kouer temperature.



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1

- 9 Tydens die Ystydperke was daar baie minder reën as wat ons vandag ken – dit kon tot 50 persent minder wees.
- 10 Die wind het baie meer gewaai as vandag. Daar was ook baie meer stofstorms omdat die wind baie stof by die vergrote woestyne en gletsers opgetel het.
- 11 Die soogdiere wat tydens die Ystydperk geleef het, was baie groter en het baie meer hare gehad as wat ons soogdiere vandag het. Hierdie kenmerke het beteken hulle kon die baie koue temperature oorleef. Wetenskaplikes het hierdie soogdiere megafauna genoem en dit het diere soos die harige mammoet, sabeltandtier en die reuswolf (soos in die gewilde reeks *Game of Thrones*) ingesluit.
- 12 Die mense het tydens die Ystydperk baie anders geleef as vandag. Hulle het in jagtersversamelaarsgroepe gewoon, in skuilings van mammoetbene gewoon en klere van dierepels gedra. Hul jaggereedskap het hoofsaaklik uit klipmesse, pyle en spiese bestaan en hulle sou dikwels 'n groot dier jag deur hom in 'n lokval te lei en dan daar te oorrompel.

*Verwerk uit: Huisgenoot Digitaal van Mei 8, 2015*

- 1.1 Hoeveel Ystydperke was daar al sedert die aarde se bestaan? 1
- 1.2 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die nommer (1.2) en die letter (A-D) neer.  
Die laaste Ystydperk was....
- A presies 10 000 jaar terug  
B om en by 10 000 jaar terug  
C minder as 10 000 jaar terug  
D langers as 10 000 jaar terug 1
- 1.3 Is die volgende stelling waar of onwaar en gee 'n rede vir jou antwoord.  
Tydens die Ystydperk het net die diere by die pole oorleef. 1
- 1.4 Hoekom dink jy was groot dele van Kanada, Amerika en Noord-Europa onder sneeu tydens die Ystydperk en Suid-Afrika nie? 2
- 1.5 Hoeveel persent van die aarde se oppervlak was met sneeu bedek tydens die Ystydperk? 1
- 1.6 Wat was kenmerkend van die gletsers tydens die Ystydperk? Noem TWEE. 2
- 1.7 Hoekom was die oseaan se vlakke tot 125 m laer gedurende die Ystydperk? 1
- 1.8 Hoekom was daar baie minder vloeibare water tydens die Ystydperk as wat daar vandag is? 1

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1

1.9 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die nommer (1.9) en die letter (A-D) neer.

As die temperatuur in Suid-Afrika 28° Celsius is; wat kon die temperatuur moontlik gewees het meer as 10 000 jaar terug?

- A 21° Celsius
  - B 27° Celsius
  - C 8° Celsius
  - D 32° Celsius
- 1

1.10 Wat was kenmerkend omtrent die temperatuurverskille tussen die pole en die ewenaar tydens die Ystydperk? Jy moet beide die sleutelwoorde “pole” en “ewenaar” in jou antwoord gebruik.

2

1.11 Vul die woorde in die blokkie hieronder in waar dit pas in die paragraaf daaronder:

kouer, warmer, weerkaats, absorbeer.

Gedurende die Ystydperk het die aarde die sonlig 1.11.1 (\_\_\_\_\_) in plaas daarvan om dit te 1.11.2 (\_\_\_\_\_) en daarom was dit toe baie 1.11.3 (\_\_\_\_\_)

3

1.12 Tot hoeveel minder persentasie reën het gedurende die Ystydperk geval?

1

1.13 Hoekom dink jy het die winde baie meer gewaai gedurende die Ystydperk?

2

1.14 Hoekom was daar meer stofstorms gedurende die Ystydperk?

1

1.15 Wat se voordeel het dit vir die soogdiere, wat tydens die Ystydperk geleef het, ingehou dat hulle baie hare gehad het?

1

1.16 Noem enige een soogdier wat in die Ystydperk geleef het.

1

1.17 Pas Kolom A by Kolom B oor hoe die mens die Ystydperk oorleef het. Skryf net die nommer (byvoorbeeld: 1.17.1) en die letter (A-E) neer.

Kolom A		Kolom B	
1.17.1	Hulle het nie alleen gebly nie.	A	Skuilings van mammoetbene.
1.17.2	Die wonings waarin mense gebly het.	B	In 'n lokval gelei en dan oorrompel.
1.17.3	Die mense het dit gedra.	C	Jaggereedskap
1.17.4	Die tegniek wat gebruik was groot diere te jag.	D	Dierepelsklere.
		E	Jagtersversamelaarsgroepe

4  
**[26]**

TEKS B: ADVERTENSIE

1



**Besonderhede**

- 2 Bevestig met Computicket dat jou kaartjies beskikbaar is by die sentrum voor jy daar opdaag.

**Kaartjiepryse:**

3

Volwassenes	Kinders jonger as 18 maande	Kinders	Gesin van vier
<b>R145 p/p</b>	<b>Gratis</b>	<b>R99 per kind</b>	<b>R435 per gesin</b>

**Openingstye**

4

Maandag tot Vrydag	Saterdag en Sondag
09:00 – 19:00	09:00 – 20:00

- 1.18 Hoekom moet mense wat kaartjies by *Computicket* gekoop het eers bel voordat hulle na die uitstalling toe gaan? 1
- 1.19 Wat dink jy is die tema van die uistalling? 1
- 1.20 Hoeveel sal 'n familie moet betaal as Ma, Pa, Pieter (6 jaar oud), Andre (4 jaar oud), Marie (1 jaar oud) en Ouma na die uitstalling wil gaan? 1
- 1.21 Hoe laat sluit die vertoning op 'n Woensdag. Skryf die tyd as 'n woord. 1

[4]

**AFDELING A TOTAAL 30**

**AFDELING B – OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

- In die stuk is sewe vreemde en fassinerende feite oor ys.
- Verkort / som die SEWE feite in 70 of minder woorde op.
- Skryf jou feite puntsgewys neer.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.

**TEKS C: SEWE VREEMDE EN FASSINERENDE FEITE OOR YS.**

Ons dink gewoonlik nie veel oor die ys nie, tensy daar niks in die vrieskas is om 'n warm blikkie Coke mee af te koel nie. Die koue, harde, gladde werklikheid is dat ys meer aandag verdien as net die soort wat jy in jou koeldrank gooi.

- Voor die koms van verkoeling in die vroeë 1900's, was ys die enigste manier om dinge koel te hou. Terwyl daar yskaste in gebruik was in die middel tot laat 1800's, was dit meestal vir kommersiële gebruik.
- Frederick Tudor, die vader van England se yshandel, het gedurende die 19de eeu ys na alle dele van die hele wêreld verskeep en hy was slim deur dan ook sommer vrugte en ander bederfbare produkte saam met die waardevolle ys te stuur.
- As water vries behou dit dieselfde massa terwyl die meer ruimte inneem - ongeveer 9% meer. Dit beteken dat die ys eintlik nogal 'n bietjie minder dig as water is - die molekules is verder apart gespaseer as water.
- Terwyl die meeste mense weet dat daar meer as een tipe ys is, is daar eintlik sestien verskillende tipes wat aan die wetenskap bekend is.
- Glo dit of nie, daar is so 'n aanvraag vir klaagemakte ys dat 'n studie wat in 2012 gedoen is bewys het dat daar meer as 400 ysproduksiemaatskappye is wat so om en by R6 000,000,000 jaarliks maak.
- Die volume van al die vars water in damme en mere in die wêreld is niks in vergelyking met die volume ys wat by die pole vasgevries is nie en as al die gletsers in die wêreld skielik smelt sal ons almal 'n paar honderd meter onderwater wees.
- Wetenskaplikes glo dat die meeste van die water op die aarde van ysdraenede komete en asteroïdes kom, wat miljoene jare terug teen die aarde verpletter was.

**AFDELING B TOTAAL 10**

**AFDELING C – TAAL**

**VRAAG 3 - RESEP**

**TEKS D**

- Die taalvrae wat volg, is op die resep gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

**BEVRORE VANIELJE-EN-PYNAPPEL-JOGURT**

Jy kan die somerhitte troef met hierdie verfrissende suigysies.

**LEWER 8**

**Bereiding:** (3.1) **5 min.**

**Gaarmaak:** **geen**

**Bestanddele:**

5 ml (1 t) vanieljegeursel  
375 ml (1½ k) (3.9) **gewoon** jogurt  
(3.3) 45 ml (3 e) versiersuiker  
(3.7) 1 **pynappel**, geskil  
5 ml (1 t) versiersuiker



**Vorbereiding**

1. (3.8) Voeg die vanielje by die jogurt. Voeg die versiersuiker by en roer stadig. Sit eenkant.
2. Verwerk die pynappel en suiker. Skep die pynappel en (3.10) **vaniellejogurt** in lae in suigysievorms of miniglasies. Steek twee(3.4) **strooikies** of roomysstokkies versigtig in die middel van die (3.12) **vorms** in en laat 3 uur in die vrieskas set.
3. (3.6) Verwyder die koue suigysies deur die vorms 'n paar sekondes in water te doop en sit dadelik voor.

*Uit Huisgenoot Digitaal van Februarie 17, 2015*

- |     |  |   |
|-----|--|---|
| 3.1 | Skryf die vetgedrukte, onderstreepte afkorting as 'n woord.<br>Bereiding: 5 <b>min.</b>                          | 1 |
| 3.2 | Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd<br>Jy kan die somerhitte troef met hierdie verfrissende suigysies. | 1 |
| 3.3 | Skryf die vetgedrukte, onderstreepte nommer as 'n woord<br><b>45</b> ml (3 e) versiersuiker                      | 1 |




AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1

- 3.4     Korrigeer die spelfout van die vetgedrukte, onderstreepte woord.  
Steek twee **strooikies** of roomysstokkies versigtig in die middel van die vorms in.     1
- 3.5     Skryf die vergrotende trap van die vetgedrukte / onderstreepte woord.  
Voeg die versiersuiker by en roer **stadig**.     1
- 3.6     Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte / onderstreepte woord  
Verwyder die **koue** suigysies deur die vorms 'n paar sekondes in water te doop.     1
- 3.7     Skryf die meervoud van die vetgedrukte, onderstreepte woord  
1 **pynappel**, geskil     1
- 3.8     Skryf die volgende sin oor in die aktiewe / bedrywende vorm  
Voeg die vanielje by die jogurt.     2
- 3.9     Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte / onderstreepte woorde  
375 ml (1½ k) **gewoon** jogurt     1
- 3.10    Vorm 'n nuwe woord deur die vetgedrukte / onderstreepte woorde te kombineer.  
Vorbereiding + tegniek.     1
- 3.11    Verdeel die vetgedrukte, onderstreepte woord in lettergrepe.  
Skep die pynappel en **vanieljelogurt** in lae.     1
- 3.12    Skryf die verkleiningsvorm van die vetgedrukte / onderstreepte woord.  
Skep die beslag in die middel van die **vorms**.     1
- 3.13    Hoe maak die samesteller / uitgewer van die resepteboek seker dat die tipe resep  
duidelik uitgelig word? Noem een tegniek wat gebruik word.     1
- 3.14    Hoe word die bestanddele van die voorbereiding geskei? Noem twee tegnieke wat  
gebruik word.     2
- 3.15    Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.15) en die letter (A-D)  
neer.
- Die samesteller /uitgewer van die resepte boek sluit 'n prentjie in by die resep sodat...
- A        die uitgewer dan meer van die resepteboeke sal verkoop.  
B        die wat nie kan lees nie kan sien wat om te maak.  
C        jy kan sien hoe die eindproduk behoort te lyk.  
D        meer mense die resep sal maak as daar 'n prentjie by is.     1

**VRAAG 4 – STROKIESPRENT**

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.



- 4.1 Herskryf die volgende sin met die voegwoord in hakies  
Ek moet visvang maar die ysbeer is hier iewers. (alhoewel) 1
- 4.2 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.  
Die mannetjiespikkewyn sê: "Ek moet visvang." 2
- 4.3 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.  
Die wyfiepikkewyn vra: "Wat laat jou so dink?" 2
- 4.4 Skryf die volgende sin in die toekomstige tyd  
Hy het 'n gevoel. 1
- 4.5 Skryf die volgende sin in die negatiewe vorm  
Die ysbeer is altyd daar. 1
- 4.6 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (4.6) en die letter (A-D) neer.

Die geimpliseerde betekenis in die strokiesprent is...

- A ysbere en pikkewyne leef in water.  
B pikkewynwyfies is dominerend.  
C ysbere eet pikkewyne.  
D pikkewyne eet vis. 1

**VRAAG 5 – INTERNETARTIKEL EN STROKIESPRENT**

**TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die leesstuk gebaseer.

**Eiland van vuur en ys**

- 1 Ysland behoort tot die jongste grondgebiede ter wêreld en sy ontstaan is te danke aan sy ligging op die Mid-Atlantiese Rif. Die eiland het vermoedelik sowat twintig miljoen jaar gelede uit die Atlantiese Oseaan begin verrys toe twee magmabronne gelyktydig begin het om vloeibare gesteentes opeen te hoop en hierdie geologiese "geboorte" duur nog steeds voort. Op baie plekke in Ysland is die jong landmassa nog besig om vuur en warm water uit te spoeg en bied uitstekende navorsingsgeleenthede vir geowetenskaplikes.
- 2 Die grootste deel van die eiland is gevorm tydens of ná die laaste ystydperk. Die oudste deel van die eiland lê in die noordweste en word in Yslands die "Wesfirdi" of "Wesfjorde" genoem. Die jongste deel is die eilandjie Surtsey wat ontstaan het tydens 'n vulkaanuitbarsting in 1963.
- 3 Langs die noorde van die eiland vloei die koue golfstroom en die warm golfstroom vloei langs die suide van die land. Gekoppel aan die wind wat meestal van suid na noord oor die eiland waai is die klimaat in Reykjavik (Suidwes-Ysland) kouer as in Europa, maar nog steeds gematig. In Akureyri daarenteen word as gevolg van bergwinde groot temperatuurskommeling aangeteken.
- 4 Ysland word omring deur die Atlantiese Oseaan, die Straat van Denemarke (tussen Ysland en Groenland) en die Noordelike Yssee. Die land se mees noordelike punt lê net effens suid van die Noordpoolsirkel en is geografies op ongeveer dieselfde breedtegraad as die middel van Swede.



- 5.1.1 Identifiseer die hoofsin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer.  
Die eiland het twintig miljoen jaar gelede uit die Atlantiese Oseaan begin verrys toe magmabronne begin het om vloeibare gesteentes opeen te hoop. 1
- 5.1.2 Identifiseer die bysin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer.  
Die jongste deel is die eilandjie Surtsey wat ontstaan het tydens 'n vulkaanuitbarsting in 1963. 1

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1

5.1.3 Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Kolom A		Kolom B	
5.1.3.1.	Afleiding	A	magmabronne
5.1.3.2.	Samestelling	B	eilandjie
5.1.3.3.	Samestellende Afleiding	C	landmassa

3

5.1.4 Identifiseer die byvoeglike bepaling in die volgende sin:  
Die jongste deel is die eilandjie Surtsey wat ontstaan het in 1963.

1

5.1.5 Identifiseer die bywoordelike bepaling in die volgende sin:  
Die land se mees noordelike punt lê net effens suid van die Noordpoolsirkel.

1

5.1.6 Kies die korrekte antwoorde in die hakies en skryf net die nommer (5.6.1.1) en die antwoord neer.

Die titel van die leesstuk het 'n dubbelsinnige betekenis omdat dit denotatief verwys na 5.1.6.1 (die vulkane onder Ysland wat die eiland gevorm het / die simbolisme agter die twee teenoorgestelde elemente) terwyl dit konnotatief verwys na 5.1.6.2 (die vulkane onder Ysland wat die eiland gevorm het / die simbolisme agter die twee teenoorgestelde elemente)

2

## TEKS G

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1

- 5.2.1 Identifiseer die tipe sin wat hieronder geskryf is:  
Wat kan ons daaromtrent doen? 1
- 5.2.2 Identifiseer die tipe sin wat hieronder geskryf is:  
Die wêreld van ons is besig om vinnig te verander. 1
- 5.2.3 Identifiseer die tipe sin wat hieronder geskryf is:  
Nie veel nie! 1
- 5.2.4 Pas kolom A by kolom B en skryf net die vraagnommer (5.2.4.1-5.2.4.2) en die letter (A-D) neer.

Kolom A		Kolom B	
5.2.4.1.	Die strokiesprent is 'n goeie voorbeeld van gevoelstaal.	A	Omdat pikkewyne warmbloedige diere is, is dit hulle skuld dat die ys by die pole smelt.
5.2.4.2.	Die aannames wat in die strokiesprent gemaak word.	B	Die skrywer wil hê die leser moet ontsteld wees oor die ys wat smelt.
5.2.4.3.	Die impak wat die skrywer van die strokiesprent wil hê.	C	Die ys by die pole is besig om te smelt as gevolg van aardverwarming.
		D	Die skrywer wil hê die leser moet skuldig voel oor aardverwarming en iets daaromtrent doen.

3

**AFDELING C TOTAAL: 40**  
**VRAESTEL TOTAAL: 80**